

Donderdag 23 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 50:15-21

Fokusgedeelte: Genesis 50:20 (AFR83)

Glo in die soewereiniteit van God

Ons fokusgedeelte is die Ou-Testamentiese weergawe van die bekende woorde in Romeine 8:28 wat sê: *“Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is”* (Rom. 8:28).

Josef se lewe word gekenmerk deur ’n verskeidenheid van onregverdige gebeurtenisse. Dit begin met sy broers wat hom vang, in ’n put gooi en dan besluit om hom as ’n slaaf te verkoop. In Egipte word hy valslik beskuldig van seksuele aanranding en dan word hy in ’n tronk gegooi. Sy medegevangenes beloof dat hulle aan hom sal dink wanneer hulle vrygelaat word, maar dan vergeet hulle van hom.

Josef het oorvloedige rede gehad om ’n verbitterde, pessimistiese en wraakgierige mens te word, maar hierdie gedeelte wys ons dat presies die teenoorgestelde gebeur het omdat hy op God vertrou het. Hy het geglo in die soewereiniteit van God. Ja, dat God selfs ook die sonde en kwaadwillige planne van mense kan gebruik om sy koninkryk te laat kom. Die mooiste voorbeeld daarvan sien ons in Jesus. Die gruwelike planne van mense lei daartoe dat Jesus, die volmaakte Seun van God aan ’n kruis sterf. Menslik gesproke kan ons nie iets goed daarin sien nie, maar die almagtige en ewige God gebruik ook daardie sondige praktyke van mense om sy kinders van die ewige dood te red.

Hoe meer ons in verwondering voor die almag en liefde en genade en regverdigheid van ons God staan, hoe meer sal die selfsugtigheid, eersugtigheid en verbitterdheid uit ons verdwyn. Ons sal verby die sonde kyk wat mense teenoor ons doen en in verwondering lofliedere sing omdat ons sien hoe God rondom ons aan die werk is.

Sing: Psalm 48-1:1, 4

Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)